No 18 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 3 AUGUST 2023

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:19] The Speaker gave a ruling on a point of order raised by Hon Member Sayed during the debate in the House on 15 June 2023 and requested the Hon Minister of Infrastructure, Mr T A Simmers, to withdraw the offending statement.

   Whereupon the Hon Minister Simmers withdrew the offending statement.

5. [14:20] The Chief Whip moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   Agreed to.

6. [14:25] The House discussed the following subject in the name of Hon C A T Murray:

   The impact the Growth for Jobs Strategy will have on employment in the Western Cape.

   Debate concluded.

7. [15:28] Interpellations.

8. [15:54] Questions.

9. [16:47] Statements by Members.

10. [17:07] Response to statements by Members by Mr R D Mackenzie, Minister of Mobility.

11. [17:10] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

12. [17:11] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

13. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes and congratulates Ocean View Library on being crowned champions at the local coding tournament; notes that learners battled it out during the Library Coding Network Tournament entitled Coding4Mandela held at the Old Children's Library at the City Hall on Tuesday 18 July; notes that the libraries that participated are Camps Bay, Mowbray, Observatory, Belhar, Bonteheuwel, Goodwood, Durbanville, Milnerton, Bellville, Parow, Leonsdale, Ocean View, Hanover Park, Manenberg, Central, Pinelands, Pelican Park, Kuyasa, Rocklands, Bishop Lavis, Mfuleni, Mitchells Plain, Grassy Park, Khayelitsha, Adriaanse and Valhalla Park; notes that participating in coding competitions and coming out on top is a remarkable achievement that highlights their dedication, problem-solving skills and programming process; notes that, with this victory, the Ocean View Library has not only earned well-deserved recognition, but also demonstrated the potential of libraries as hubs for learning and innovation; and notes that they can serve as an inspiration to other libraries and communities to invest in similar educational programmes and events to promote digital literacy and technical skills**.**

    Agreed to.

14. Mr M Kama moved without notice: That the House notes and congratulates Xolela Mpetsheni for successfully securing an aquarist position as a certified diver; notes that, back in 2008, Xolela began his career at the Two Oceans Aquarium as a feeding supervisor, responsible for sorting and distributing food to the animals; notes that he eagerly took swimming lessons and soon completed his open water dive course; and notes that this achievement allowed him to start snorkelling and cleaning the smaller exhibits at the aquarium, precisely where he wanted to be.

    Agreed to.

15. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of Rosemary Dawids (37); notes that Rosemary was found dead in Fisantekraal near Durbanville on 23 July 2023; notes that it is allegedly that her 29-year-old boyfriend killed her; and extends condolences and sends a message of strength to her family and friends.

    Agreed to.

16. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with deep sadness the passing away of Namhla Lizo Mgqibelo, a township entrepreneur from Crossroads; notes that Namhla was dropping his friends off in Luyoloville, Gugulethu, when he was attacked and gunned down in a hijacking incident in the early hours of Sunday; notes that his car, a black VW Polo, was later found in Gugulethu; and extends condolences and sends a message of strength to his family and friends**.**

    Agreed to.

17. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of Nigel Davids, a 19-year-old learner at the Tafelsig High School, who was stabbed to death, allegedly by his 20-year-old cousin in Mitchells Plain during a suspected drunken brawl; notes that he and his cousin were drinking next door at the neighbour's house in Rita Street, Tafelsig, when an argument broke out between the two at 20:00 on Friday; and extends condolences and sends a message of strength to his family and friends.

    Agreed to.

18. Mr G Bosman moved without notice: That the House wholeheartedly congratulates Simoné Kruger for her phenomenal achievement in setting a new discus world record at the Paralympic World Championship; notes that, at just 18 years old, Simoné has etched her name in history by rewriting the F38 discus event record with an exceptional throw of 38,1 m, earning a well-deserved gold medal; further notes that her remarkable success does not come as a surprise, given her consistent display of outstanding performances in various competitions; and we are confident that her future holds even more glorious victories.

    Agreed to.

19. Mr G Bosman moved without notice: That the House extends its heartfelt condolences to the bereaved friends and family of Bradley Olivier; acknowledges his television debut in 2007 on Villa Rosa and recognises the remarkable breadth of his artistic contributions, encompassing movies, series, telenovelas, radio work and stage productions; and notes that Bradley Olivier's extraordinary talent as an actor was evident in his effortless performances, leaving an indelible mark on the entertainment industry in South Africa, where he will be deeply missed and fondly remembered.

    Agreed to.

20. Ms L M Maseko moved without notice: That the House congratulates Niklas Tiras, Phineas Zulu and Jermaine Pietersen on their exceptional achievements by securing victories in their respective categories and being honoured with Berg category medals and South African Champs medals, showcasing their remarkable skill and dedication; notes that they notably demonstrated their prowess in the fiercely contested sub veteran category during the 2023 Berg River Canoe Marathon; extends heartfelt congratulations to Junico Daniels, Ethan Cockram and Breyton Simons for their outstanding triumphs in the juniors category during the same event; notes that their extraordinary talent and relentless efforts earned them well-deserved Berg category medals and prestigious South African Champs medals; notes that these remarkable achievements highlight the immense potential of these athletes and inspire the nation with their passion for canoeing; and commends their dedication to their sport and wishes them continued success in their future endeavours.

    Agreed to.

21. Mr G Bosman moved without notice: That the House notes with deep sadness the tragic death of Toufeeq Williams who was killed in Mitchells Plain on Sunday; notes that Williams had worked as a Law Enforcement Advancement Plan officer, and in this way had demonstrated his dedication to his community and his dedication to making life safer for all residents of the Western Cape; further notes that Minister Reagen Allen has noted Williams as one of LEAP's finest officers; further notes that the City of Cape Town has offered a reward of R100 000 for any information leading to the arrest and conviction of those responsible for this heinous act; and encourage the public to assist in the investigation so that his killers may be found and brought to justice.

    Agreed to.

22. Ms N G Bakubaku-Vos moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of a Grade 11 learner, Sikelelwa Mona, from Taiwan, Site C; notes that Sikelelwa was raped and murdered; conveys condolences to her family and friends; and condemns the gruesome crimes and calls on the SAPS to work on this case until justice is served.

    Agreed to.

23. Mr M K Sayed moved without notice: That the House congratulates Banyana Banyana and its Cape Town-born coach, Desiree Ellis, on their remarkable achievement in reaching the knockout stages; notes that their passion, determination and exceptional skills have made our nation proud; as they continue the journey in the tournament, we wish them all the luck and success in the upcoming games; and notes that their talent and unity inspire us all and we stand firmly behind you, cheering for your continued triumphs on the field. Go, Banyana Banyana! Make the nation proud!

    Agreed to.

24. Mr D America moved without notice: That the House solemnly notes the departure of Advocate Kyle Reineche, who has served with utmost dedication and proficiency in managing the Department of Mobility; notes that Adv Reineche's departure marks the end of an era during which he played a pivotal role in ensuring the smooth functioning and coordination of various aspects in the Department; wholeheartedly recognises and commends Adv Reineche for his unwavering commitment, as he diligently kept all ships in order, by guiding the Department through both calm waters and challenging times; notes, as Adv Reineche ventures into new horisons, we express sincere appreciation for the invaluable contributions he has made during his tenure and wishes him well in his future endeavours.

    Agreed to.

25. Mr C Fry moved without notice: That the House notes with sadness the passing away of Dan Sleigh; notes that Dan was well known as a historian, writer and conservationist; notes that he was born and raised in the West Coast region of the Western Cape; notes that Dan had a keen interest in history and languages, and received a PhD in History at the University of Stellenbosch in 1987; notes that his work in researching and writing about the history of the Cape has created a valuable archive and body of knowledge that researchers will still use for many years to come; notes his book *Eilande* was published in 2002 and is regarded as one of the quintessential historical novels of the time, and it won many local and international prizes and has been translated into Dutch and English; notes that Dan continued researching and writing throughout his life and he has made immense contributions to many research projects; and notes that Dan Sleigh made a tremendous impact through his work and he possessed a range of knowledge that we will probably not see in anyone else again.

    Agreed to.

26. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House notes the commencement of Women's Month and pays tribute to all those women in our province and in our country who continue to excel, inspire and shape our democracy; notes the sterling achievements of South Africa's women sport teams, including and especially the South African national netball team and the South African national women's football team, both of which have excelled as they compete in their respective world cups; and sends its support to these teams as they continue in their respective tournaments.

    Agreed to.

27. The House adjourned at 17:30.

Lubabalo Stemele

Digitally signed by Lubabalo Stemele
Date: 2023.09.22 17:53:38 +02'00'

Lubabalo Stemele
Acting Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

=========================

DONDERDAG, 3 AUGUSTUS 2023

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Speaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:19] Die Speaker maak ŉ beslissing oor ŉ punt van orde geopper deur agb Lid Sayed tydens die debat in die Huis op 15 Junie 2023 en versoek die agb Minister van Infrastruktuur, mnr T A Simmers, om die gewraakte stelling terug te trek.

   Waarna die agb Minister Simmers die gewraakte stelling terugtrek.

5. [14:20] Die Hoofsweep stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Goedgekeur.

6. [14:25] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb C A T Murray:

   Die impak wat die Strategie vir Werkgeleenthede deur Groei op indiensneming in die Wes-Kaap sal hê.

   Debat afgesluit.

7. [15:28] Interpellasies.

8. [15:54] Vrae.

9. [16:47] Verklarings deur Lede.

10. [17:07] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr R D Mackenzie, Minister van Mobiliteit.

11. [17:10] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen ŉ aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

12. [17:11] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

13. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die Ocean View-biblioteek gelukwens nadat die biblioteek as die kampioen aangewys is by die plaaslike koderingstoernooi; kennis neem dat leerders meegeding het aan die Biblioteek-koderingsnetwerktoernooi bekend as Coding4Mandela wat op Dinsdag 18 Julie in die Ou Kinderbiblioteek by die Stadsaal plaasgevind het; kennis neem dat die biblioteke wat deelgeneem het, die Kampsbaai-, Mowbray-, Observatory-, Belhar-, Bonteheuwel-, Goodwood-, Durbanville-, Milnerton-, Bellville-, Parow-, Leonsdale-, Ocean View-, Hanover Park-, Manenberg-, Sentraal-, Pinelands-, Pelican Park-, Kuyasa-, Rocklands-, Bishop Lavis-, Mfuleni-, Mitchells Plain-, Grassy Park-, Khayelitsha-, Adriaanse en Valhalla Park-biblioteek was; kennis neem dat deelname aan die koderingskompetisie en die behaling van die eerste plek ŉ merkwaardige prestasie is wat hul toewysing, probleemoplossingsvaardighede en programmeringsproses uitlig; kennis neem dat die Ocean View-biblioteek met hierdie oorwinning nie net welverdiende erkenning gekry het nie, maar ook die potensiaal van biblioteke as sentrums vir lering en innovering aangetoon het; en kennis neem dat hulle kan diens as inspirasie vir ander biblioteke en gemeenskappe om te belê in soortgelyke opvoedkundige programme en geleenthede om geletterdheids- en tegniese vaardighede te bevorder.

    Goedgekeur.

14. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en Xolela Mpetsheni gelukwens met die suksesvolle verkryging van ŉ akwarispos as ŉ gesertifiseerde duiker; kennis neem dat Xolela sy loopbaan by die Twee Oseane-akwarium as ŉ voedingstoesighouer in 2008 begin het, met die verantwoordelikheid om kos vir die diere te sorteer en te versprei; kennis neem dat hy gretig swemlesse geneem het en vinnig sy oopwater-duikursus voltooi het; en kennis neem dat hierdie prestasie hom in staat gestel het om te begin snorkel en die kleiner uitstallings by die akwarium skoon te maak, presies dit wat hy wou doen.

    Goedgekeur.

15. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Rosemary Dawids (37); kennis neem dat Rosemary op 23 Julie 2023 in Fisantekraal naby Durbanville dood gevind is; kennis neem dat sy na bewering deur haar 29-jarige kêrel vermoor is; en meegevoel betuig met en ŉ boodskap van sterkte aan haar familie en vriende stuur.

    Goedgekeur.

16. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Namhla Lizo Mgqibelo, ŉ informelenedersettingsentrepreneur van Crossroads; kennis neem dat Namhla besig was om sy vriende in Luyoloville, Gugulethu, af te laai toe hy vroeg Sondagoggend aangeval en doodgeskiet is tydens ŉ kapingsvoorval; kennis neem dat sy motor, ŉ swart VW Polo, later in Gugulethu gevind is; en meegevoel betuig met en ŉ boodskap van sterkte aan sy familie en vriende stuur.

    Goedgekeur.

17. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Nigel Davids, ŉ 19-jarige leerder aan die Hoërskool Tafelsig, wat na bewing deur sy 20-jarige neef tydens ŉ vermoedelike dronkgeveg in Mitchells Plain doodgesteek is; kennis neem dat hy en sy neef by die bure se huis in Ritastraat, Tafelsig, gedrink het toe ŉ argument tussen die twee Vrydag om 20:00 uitgebreek het; en meegevoel betuig met en ŉ boodskap van sterkte aan sy familie en vriende stuur.

Goedgekeur.

18. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Simoné Kruger heelhartig gelukwens met haar fenomenale prestasie om ŉ nuwe diskuswêreldrekord by die Paralimpiese Wêreldkampioenskap op te stel; kennis neem dat Simoné, net 18 jaar oud, haar naam in die geskiedenis opgeteken met haar F38-diskus-byeenkomsrekord met ŉ uitsonderlike gooi van 38,1 m, wat ŉ welverdiende goue medalje verdien het; verder kennis neem dat haar merkwaardige sukses nie ŉ verrassing is nie gegewe haar konsekwente vertoning met uitstaande prestasies in verskeie kompetisies; en vol vertroue uitspreek dat haar toekoms nog meer glorieryke oorwinnings sal inhou.

Goedgekeur.

19. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis innige meegevoel betuig met die vriende en familie van die ontslape Bradley Olivier; erkenning gee aan sy televisiedebuut in 2007 in Villa Rosa en erkenning gee aan die merkwaardige omvang van sy artistieke bydrae, wat flieks, reekse, telenovelas, radiowerk en verhoogproduksies ingesluit het; en kennis neem dat Bradley Olivier se buitengewone talent as akteur duidelik geblyk het uit sy moeitelose vertonings, wat ŉ onuitwisbare stempel op die vermaaklikheidsbedryf in Suid-Afrika afgedruk het, waar hy baie gemis sal word en met liefde onthou sal word.

Goedgekeur.

20. Me L M Maseko stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Niklas Tiras, Phineas Zulu en Jermaine Pietersen gelukwens met hul uitsonderlike prestasies deur oorwinnings in hul onderskeie kategorieë te behaal en vereer te word met Berg-kategoriemedaljes en Suid-Afrikaanse kampioene-medaljes, wat op hul merkwaardige vaardigheid en toewyding wys; kennis neem dat hulle veral tydens die Bergrivier-kanomarathon in 2023 hul bekwaamheid in die fel betwiste subveteraankategorie getoon het; Junico Daniels, Ethan Cockram en Breyton Simons hartlik gelukwens met hul uitstaande oorwinnings in die juniorskategorie tydens dieselfde byeenkoms; kennis neem dat hul buitengewone talent en onvemoeide pogings aan hulle welverdiende Berg-kategoriemedaljes en gesogte Suid-Afrikaanse kampioene-medaljes besorg het; kennis neem dat hierdie merkwaardige prestasies die geweldige potensiaal van hierdie atlete beklemtoon en die nasie inspireer met hul passie vir kanovaart; en hul toewyding aan hul sport aanprys en hulle voortgesette sukses in hul toekomstige pogings toe wens.

Goedgekeur.

21. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese dood van Toufeeq Williams wat Sondag in Mitchells Plain vermoor is; kennis neem dat Williams as ŉ beampte van die Wetstoepassingsbevorderingsplan (LEAP) gewerk het, en op hierdie manier sy toewyding aan sy gemeenskap en sy toewyding om die lewe vir alle inwoners van die Wes-Kaap veiliger te maak, getoon het; verder kennis neem dat Minister Reagen Allen

opgemerk het dat Williams een van LEAP se beste beamptes was; verder kennis neem dat die Stad Kaapstad ŉ beloning van R100 000 aangebied het vir enige inligting wat sal lei tot die inhegtenisneming en skuldigbevinding van diegene wat vir hierdie gruwelike daad verantwoordelik is; en die publiek aanmoedig om met die ondersoek te help sodat sy moordenaars gevind word en aan die pen ry.

Goedgekeur.

22. Me N G Bakubaku-Vos stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van ŉ graad 11-leerder, Sikelelwa Mona, van Taiwan, Terrein C; kennis neem dat Sikelelwa verkrag en vermoor is; meegevoel betuig met haar familie en vriende; en die grusame misdaad veroordeel en ŉ beroep op die SAPD doen om aan hierdie saak te werk sodat geregtigheid kan geskied.

Goedgekeur.

23. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Banyana Banyana en sy Kaapstad-gebore afrigter, Desiree Ellis, gelukwens met hul merkwaardige prestasie om die uitklopronde te bereik; kennis neem dat hul passie, vasberadenheid en uitsonderlike vaardighede ons nasie trots gemaak het; terwyl hulle hul deelname aan die toernooi voortsit, wens ons hulle alle geluk en sukses toe in die komende wedstryde; en kennis neem dat hul talent en eenheid ons almal inspireer en ons staan bankvas agter hulle en moedig hulle aan vir voortgesette oorwinnings op die veld. Hou aan, Banyana Banyana! Maak die nasie trots!

Goedgekeur.

24. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis plegtig kennis neem van die diensverlating van advokaat Kyle Reineche, wat met die grootste toewyding en bekwaamheid in die bestuur van die Departement van Mobiliteit gedien het; kennis neem dat adv Reineche se vertrek die einde van ŉ tydperk aandui waarin hy ŉ deurslaggewende rol gespeel het om die gladde funksionering en koördinering van verskeie aspekte in die Departement verseker het; erkenning gee aan en adv Reineche van harte aanprys vir sy onwrikbare toewyding, aangesien hy ywerig alles in orde gehou het, deur die Departement in tye van kalmte en in uitdagende tye te lei; kennis neem dat, terwyl adv Reineche nuwe horisonne aandurf, opregte waardering uitgespreek word vir die waardevolle bydrae wat hy tydens sy ampstermyn gemaak het en hom sterkte toewens met sy toekomsplanne.

Goedgekeur.

25. Mnr C Fry stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die dood van Dan Sleigh; kennis neem dat Dan welbekend was as ŉ geskiedkundige, skrywer en bewaringsgesinde; kennis neem dat hy in die Weskus-streek van die Wes-Kaap gebore en getoë is; kennis neem dat Dan ŉ groot belangstelling in geskiedenis en tale gehad het en in 1987 ŉ PhD in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het; kennis neem dat sy navorsings- en skryfwerk oor die geskiedenis van die Kaap ŉ waardevolle argief en bron van kennis geskep het wat navorsers nog vir baie jare sal gebruik; kennis neem van sy boek *Eilande* wat in 2002 gepubliseer is, en beskou word as een van die kenmerkende historiese romans van die tyd, en dat dit het baie plaaslike en internasionale pryse gewen en in Nederlands en Engels vertaal is; kennis neem dat Dan deur sy hele lewe voortgegaan het om navorsing en skryfwerk te doen en dat hy groot bydraes tot baie navorsingsprojekte gelewer het; en kennis neem dat Dan Sleigh ŉ groot impak gemaak het deur sy werk en dat hy oor kennis beskik het wat ons waarskynlik nie weer in enigiemand anders sal vind nie.

Goedgekeur.

26. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die begin van Vrouemaand en hulde bring aan al daardie vroue in ons provinsie en in ons land wat steeds uitblink, inspireer en ons demokrasie vorm; kennis neem van die puik prestasies van Suid-Afrika se vrouesportspanne, insluitend en veral die Suid-Afrikaanse nasionale netbalspan en die Suid-Afrikaanse nasionale vrouesokkerspan, wat albei uitgeblink het terwyl hulle meeding om hul onderskeie wêreldbekers; en hierdie spanne ondersteun wat hul deelname aan hul onderskeie toernooie voortsit.

    Goedgekeur.

27. Die Huis verdaag om 17:30.

Lubabalo Stemele

Digitally signed by Lubabalo Stemele
Date: 2023.09.22 17:54:04 +02'00'

Lubabalo Stemele
Waarnemende Sekretaris van die Provinsiale Parlement